



1

WANNEER jy die son wil geniet sonder om sonbrand op te doen, is dié rok net wat jy nodig het. Dit is aaneen geknip, het hangskouers en kan mooi opgekikker word met 'n los kontrasterende monnikskraag en 'n seintuur wat lank genoeg is om rondom jou heupe te pas.
Dra daarby . . . bykomstighede soos dié wit armbande en oulike seilskoene.
Materiaal benodig: Rok, 1,70 m van 150 cm breed. Kraag en seintuur, 1 m van 140 cm breed.

2

MAAK hierdie twee kledingstukkie sodat jy kan kortpad kies na 'n mooi sonbruin vel. Die bostuk is kort geknip by die middel en die broekspype is weer aan die lang kant. Dié broek word met behulp van die lang broek se patroon geknip.
Dra daarby . . . 'n breë rekgordel, seilskoene, wit armbande en 'n mandjie wat dien as handsak.
Materiaal benodig: Bostuk, 50 cm van 150 cm breed. Broek, 55 cm van 150 cm breed.




IN dié uitrusting sal jy onder alle omstandighede koelkop bly. Die frokkiebostuk word by die bont romp ingedruk. Die romp is sommer baie maklik om te maak, want dit word met 'n rek om die middeltjie ingeplooi.
Dra daarby . . . 'n leergordel, treffende wit sandale, wit armbande en oorkrabbetjies, en 'n bypassende sonbril.
Materiaal benodig: Frokkie, 60 cm van 150 cm breed. Romp, 2 m van 140 cm breed.



3

WORD 'n strandloper in dié mini-rok met maksistyl. Dit is weer die basiese rok (foto 1) wat dié keer net bo die knie afgeknipt is en met 'n koordjie, by die middeltjie deurgeryg, vasgebind is. Dit lyk egter net so mooi sonder die koordjie.
Dra daarby . . .
 'n serp om jou kop en mooi wit oorkrabbetjies.
Materiaal benodig:
 Mini, 1,30 m van 140 cm breed.

4



HOOG in die mode met 'n bonte mengelmoes van kleure so reg uit die trope - 'n kortmoubloes van katoen, en 'n seegroen broek waarvan die pype kort geknipt is.
Dra daarby . . .
 'n wit katoenserp en wit seilskoene, en pak jou mooimaakgoed in 'n oulike wit plastiekmandjie.
Materiaal benodig:
 Bloes, 85 cm van 140 cm breed. Broek 1 m van 150 breed.

LIFEGUARD
OFF DUTY



5

Vakansieklere in 'n kits

Spaar dié jaar die geld wat jy aan vakansieklere sou bestee, sodat jy meer as genoeg sakgeld sal hê om al die lekker dinge te doen en mooi goed te koop wat by die vakansieoord op jou wag. Maak die oulike uitrustings wat jy hier sien vir 'n appel en 'n ei - dis so maklik! Daar is nie 'n enkele ritssluiting om in te werk nie en nie een knoopsgat om te maak nie (Diagramme op bl. 74 en 75)

Vakansieklere in 'n kits

VAN BLADSY 69

BENODIG VIR AFWERKING: Bypassende skuinsband; bypassende garing; rek van 2 cm breed vir middelbuis; katoenkoord vir middeltjie van mini-rok.

ALGEMENE AANWYSINGS: Knip van patroon: Trek blokkies van 2 x 2 cm op 'n groot stuk papier (of las 'n paar velle papier aanmekaar) en teken patroononderdele daarop na volgens diagramme. Knip onderdele dan versigtig uit volgens gegewens op diagramme.

L.W.: Lees elke kledingstuk se aanwysings versigtig deur voor jy begin en speld, ryg, stik en stryk alle nate na gelang jy vorder. Werk altyd met regte kante van materiaal opmekaar, tensy anders vermeld. Daar is 1,5 cm by patroononderdele bygevoeg vir nate en 2,5 cm vir some. Werk rafelrande met hand of masjien af en werk ronde halse met skuinsband af.

1. BASIESE ROK: Knip uit: 1 agterpant, 1 voorpant en 2 moue.

Aanwysings: Werk skouernate toe en werk hals met skuinsband af. Werk moue in mousgate vas en ruim moontlike voligheid in. Werk mou- en synate aaneen toe. Soom romp en moue om.

MONNIKSRAAG EN SEINTUUR: (Geen patroon): Werk stroke materiaal

aanmekaar om verlangde lengte vir seintuur te verkry, indien nodig.

Aanwysings: Kraag: Knip 'n stuk materiaal 66 cm lank en 76 cm breed, vou dit in die dwarse dubbel, met regte kante opmekaar, en stik naat toe. Stryk naat plat. Vou silinder wat so verkry is, dubbel, met regte kante opmekaar, en stik naat toe, maar laat 'n opening om kraag te kan omdop. Dop na regte kant om en glipsteek opening toe. Stryk naat plat. Trek kraag oor kop en druk reg om te lyk soos dié op foto 1.

Seintuur: Knip 'n strook materiaal, 20,5 x 178 cm groot, en werk rafelrande netjies met 'n smal siersteek met die masjien af.

2. KORT BOSTUK: Knip uit: 1 voorpant, 1 agterpant en 1 voor- en 2 agtervierkantige halsbelegsels.

Aanwysings: Werk voor- en agterpant by skouers aanmekaar. Werk voor- en agterhalsbelegsels by skouernate aanmekaar en speld belegsels in posisie om hals vas. Stik al met halsrand langs aan bostuk vas en knip kepies in naattoelating by hoeke. Vou belegsels na verkeerde kant om en glipsteek in posisie vas. Soom armsgate en onderste rand van bostuk om en stik vas.

KORT BROEK: Knip uit: 2 voorpante, 2 agterpante en vier sakpante (2 sakke).

Aanwysings: Werk sakpante aan syrande van voor- en agterpante vas sodat kepies

soos aangedui op patroon, ooreenstem. Werk voorpante en agterpante aanmekaar deur binnebe- en buitebeennate toe te stik sodat sakke se nate ook toegestik is wanneer jy klaar het.

Werk middelvoor- en middelagternaat toe. Soom broek bo 3 cm breed om om 'n buis te vorm en stik vas, maar laat 'n opening om rek deur te ryg. Knip rek van 2 cm breed, lank genoeg om rondom middeltjie te pas. Ryg rek deur opening in buis. Werk rek se eindpunte aan mekaar vas en werk opening in buis toe. Soom broekspype om.

3. FROKKIE: Knip uit: 1 voorpant en 1 agterpant.

Aanwysings: Werk skouer- en synate toe. Soom armsgate en hals baie smal om, maar werk versigtig sodat armsgate nie verrek raak nie. Soom frokkie om.

ROMP: (Geen patroon nie): Knip uit: Twee stukke materiaal elk 140 cm breed (breedte van materiaal), en 86 cm lank, en vier sakpante (2 sakke) geknip volgens broeke se sakpatroon.

Aanwysings: Werk sakpante aan syrande van romppante (selfkante van materiaal) vas, 10 cm van boonste rafelrande af. Werk voorpant aan agterpant vas sodat saknate ook toegestik is wanneer jy klaar het.

Vou borand van romp 3 cm breed na verkeerde kant om, vou rafelrand na binne om en stik al met vou langs vas om 'n buis te vorm, maar laat 'n opening om rek deur te ryg. Knip 2 cm breë rek om rondom middeltjie te pas en ryg dit deur opening in buis. Werk eindpunte van rek aan mekaar vas en werk opening toe. Soom romp om.

NA BLADSY 75



Heerlike, romerige, tuisgemaakte roomys ...in 'n kits!


'n Hele 1½ liter roomys met egte tuisgemaakte lekkerte. Voeg net melk by, klits en vries in die gerieflike gietvorm. Nuwe Moir's Slice Creme. In 4 smulsmake, binne minute:

- Vanielje
- Neapolitaanse
- Cassata
- Sjokolade


Op u supermark-
rak
NOU!



tower-oomblikke word gemaak met **MOIR'S**



Vakansieklere in 'n kits



My man is 'n waaghals en dis sy werk om
vuil te word. Hy speel vuil. Hy baklei vuil.

